# VERGELEGEN WYNPROESTAP 2025

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ROETE:** | Sirkelroete op die landgoed | **DATUM:** | 29 November 2025 |

**KOMMENTAAR**

Ag van ons kom om 8:45 op die parkeerplek van die wynproelokaal bymekaar. Daar is 'n groot verkeersoponthoud in Stellenbosch agv 'n padwedloop. Miranda maak dit betyds maar Amanda sluit eers ná die staptog by ons aan. Ons handel die admin af en val in die pad. Die persone wat nog nooit op Vergelegen was nie verkyk hulle aan die pragtige natuur en tuine. Om hulle te akkommodeer stap ons rustig en verkort die roete effens. Ons wat gereeld hier stap is eintlik bederf en gewoond daaraan. Gelukkig is Amanda by die wynproelokaal en ek bel haar om te reël dat ons so 15min gaan laat wees vir ons bespreking. Ons sit aan vir die proe van 3 wyne en is beïndruk met die gehalte. Ons word bederf met 'n 4de wyn wat op promosie is. Daar word op die ou-end heelwat wyn gekoop. Die groep neem afskeid van mekaar behalwe vir vyf van ons wat na die Lourensfordmark gaan vir iets te ete en te drinke. Hierdie omgewing met sy mooiheid en aktiewiteite kan maar gereeld op ons stapprogram oorweeg word.
**Nota:** Almal het R105 vooruit inbetaal. R100 vir wynproe en R5 adminfooi. Steph betaal met kaart en word later vergoed.

| STAPPER | LIDNOMMER | KM | Meters geklim | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Steph du Toit | 031/2026 | 4 | 24 | |
| Mariana du Toit | 032/2026 | 4 | 24 | |
| Wynand Krause | 039/2026 | 4 | 24 | |
| Madie Krause | 038/2026 | 4 | 24 | |
| Amanda Matthee | 045/2026 | 0 | 0 | Slegs wynproe gedoen |
| Mahande Bence | 058/2025 | 4 | 24 | |
| Conrad Bence | Gas | 4 | 24 | |
| Miranda Myburgh | 092/2025 | 4 | 24 | |
| Sinmarie Pieterse | 082/2025 | 4 | 24 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **32** | **192** | |

| | |
|---|---|
| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | Privaat stel |
| **ITEMS GEBRUIK:** | Geen |

| NAME OP WAGLYS | |
|---|---|
| Alana van Rensburg (onttrek agv logistieke probleem) | R100 terugbetaal |
| Michelle Krause (Onttrek - ongesteld) | R100 terugbetaal |

| | |
|---|---|
| **VERSLAG DEUR:** | Steph du Toit |